# OPROEP VIR ’N MORATORIUM OP ALLE SEISMIESE OPNAMES EN OLIE- EN GAS-ONTTREKKING NABY DIE KUS


Die Green Connection se Who Stole Our Oceans-veldtog is ’n omgewings- en maatskaplike geregtigheidsveldtog wat poog om ons oseane vir toekomsgeslagte te beskerm deur olie- en gas-eksplorasiebedrywighede (seismiese opnames inkluis) naby die kus wat daarop gemik is om fossielbrandstowwe onder die seebodem op te spoor en te ontgin, teen te staan.(Sien ons kaart op die keersy wat olie- en gaseksplorasieprojekte naby die kus in Suid-Afrika aandui.)

**Die parlement het die publiek genooi om deel te neem aan die Wysigingswetsontwerp op Gas. Die Wysigingswetsontwerp op Gas poog om (onder andere) die ontwikkeling van ’n vloeibare aardgasbedryf te bevorder en om die ontwikkeling van en belegging in gasinfrastruktuur te vergemaklik.**

Die Green Connection staan hierdie Wetsontwerp teen, aangesien ons glo dat dit gebruik sal word om verdere eksplorasie vir olie en gas op land en in die see te regverdig en aanleiding sal gee tot die verdere gebruik van fossielbrandstowwe en gepaardgaande emissies van kweekhuisgasse wat klimaatsverandering tot gevolg het.Ons moedig almal aan om hierdie geleentheid te gebruik om vir die parlement te sê wat ons sienings is.

Daar is baie maatskappye wat olie en gas onder die seebodem soek en een manier om dit te doen, is deur seismiese opnames. ’n Reeks lugspuite word agter ’n skip gesleep, wat met gereelde tussenposes lug onder druk afvuur. Die klankgolwe deurdring die seebodem en die onderliggende klip, wat dit sodoende moontlik maak om olie- en gasbronne op te spoor. Die lugspuite veroorsaak geraasbesoedeling in die oseaan, wat ’n invloed op seediere en ekosisteme het wat dan weer die voortbestaan van kleinskaalvissers bedreig.

# OFFSHORE OIL AND GAS EXPLORATION IN SOUTH AFRICA




## Geen nuwe olie en gas nie.
## Ons wil 'n regverdige oorgang na hernubare energie hê.

**Opposing Seismic Survey**

**Who Stole Our Oceans?**

WHO STOLE OUR OCEANS?

Follow us on our socials!

www.thegreenconnection.org.za